

21 Julie

Lukas 15:11-31, (Teks: 15:18)

Bekering

Wat doen jy, as jy agterkom dat jou geloofsluwe agteruitgaan? Jy bid en dit voel asof jou gebede teen die plafon vasslaan. Dit is net of die besondere band tussen jou en God weg is. Daar is net twee redes wat die geestelike dorheid in jou lewe kan veroorsaak. Die eerste is sonde. Dit is wanneer jou sonde skeiding tussen jou en God bring. Dan word jy soos 'n radio sonder antenna. Jy vang God se boodskap op maar nie helder en duidelik nie.

Jy hoor maar hoor ook nie. Want die sonde waarin jy volhard rig 'n skeidsmuur tussen jou en God op. Die tweede rede kan enige iets wees wat opsigself nie sonde is nie, maar wat al jou aandag so in beslag neem dat jy nie tyd vir God het en maak nie.

Hoe breek jy hieruit los? Kyk wat doen die verlore seun, gelei deur die Heilige Gees. Hy besluit hy sal hom bekeer. Hy sal opstaan en na sy vader teruggaan en sy sonde bely. Sy pa het hom egter reeds ver sien aankom. Hy het hom tegemoet gehardloop en gesoen.

Direk vertaal: "met soene bedek". Dit is die beeld wat ons in die gelykenis kry van hoe God optree as 'n sondaar hom waarlik bekeer. Hy is welkom in die Vaderhuis.

Wanneer jy agterkom jy is in geestelike armoede, kom terug na God toe. Bekeer jou. Doen berouvol belydenis van jou sonde en weet deur Christus is daar vir jou volkome herstel. Bid dat die Heilige Gees jou op die pad sal lei.

Sing: Psalm 25:2

Ds. P.J. Vermeulen (Vanderbijlpark-Oos)